

KRITIEK OP KARL RIEKER'S

Grundsätze Reformierter Kirchenverfassung.

deur Prof. Dr. Rutgers.

In die boek van Rieker is daar baie goeds wat juis gesien en waergegee is. Veral is dit opmerklik by 'n Duitse Teoloog, wat op eienaardig Duitse manier kerklike sake beskou. Rieker is minder benewol as heelwatander Duitse geleerde, en het 'n oog vir die gereformeerde.

^{XXXVII} Die eerste deel bevat

Die eerste deel bevat 'n oorsig van die bronne en die literatuur, nodig vir die kennis van die Gereformeerde Kerkreg en die grondbeginsels daarvan.

Daardie oorsig omvat 36 bladsye. Allereers definieer hy sy onderwerp nader, en terg se hy, dat die Gereform. beginsels van kerkreg nie sien op alle kerke nie, en dat uitgesonder moet word die kerke wat na Zwingliaanse model ingerig is, en die Angliaanse kerk.

"Gereform. Kerke" en "Kerkinrigting" beteken die "Kalwini tipe".

Zwingli, se hy, het geen eie tiepe van kerkinrigting in die lewe geroep nie. 'n Mens sou se, dat Zwingli tog ook beginsels van kerkinrigting gee. Maar by Zwingli is dit maar eksidentele aanduidings. Vir die praktyk het hy honselv heeltemal nie aan die beginsels gehou nie, maar eenvoudig die owerheid in die kerk as owerheid laat optree, onder advies van die predikante, omdat dit toe in Duitseland so goed gegau het.

Zwingli het feitlik die territoriale kerkreg aanvaar, heeltemal uit utiliteitsredes.

By Zwingli is dus ook nog baie minder van kerkinrigting sprake as by die Lutherse, waar dan tog nog 'n Konsistorie en Superintendente was.

In Duits-Switserland is die kerke heeltemal nie gemeentelike lewe nie. Alles gaan uit van die owerheid, en teenwoordig is die owerheid neutraal, sodat daar nou ook van geen belydenis of leer meer sprake is nie.

Die Engelse Staatskerk, se Rieker, het wel die gereform. konfessie aangeneem, maar het in die kerkinrigting baie van Rome behou, sodat daar 'n episkopale stelsel heers, waarin die koning hoof is van die kerk.

Hierdie twee voorgaandes is heeltemal nie gereform. beginsels nie.

Die Kalwinistiese kerke is ook inderdaad die oorgrote meerderheid van die gereform. kerke.

Die Zwingliaanse stelsel is hoofsaaklik bepaal tot Duits-Switserland, die Episkopale tot Engeland en sy kolonies, terwyl die Kalwinistiese stelsel vir die hele wereld versprei is.

Dan voeg Rieker hier nog twee opmerkings aan toe:

a) Die Kalwinistiese stelsel is in die loop van die eeu nie altyd dieselfde gebly nie. Sinds die 17de eeu is die ou-gereform. kerkinrigting langsaamhand gemoderniseer, en die oorspronklike beginsels is allengs deur ander nuwe beginsels vervang. Daarom moet 'n mens onderskeie tussen oue en nuwe bronne.

b) Die Gereform. het, bepaaldelik in Duitsland, baie invloed ondergaan van die Lutheranisme, en dus kan nie alles as suiwer Kalwinisties beskou word nie.

Met betrekking tot die eerste opmerking sou 'n mens kan se, dat die onderskeid tussen die ouere en die nuwere bronne in die wysinge van die Kalwinisme nie heeltemal suiwer is nie by Rieker geskets is nie. Veelteer sou hy

hy kan se, dat Kalwinisme nog nie is nie, alles, wat van Kalvyn en sy tydgenote is, omdat baie nog nie vir hulle tot bewusstyn gekom het nie. Selfs kan daar onderkiele beginsels wees, waarvan Kalvyn en sy tydgenote die konsekvensies nie in die oog gevat het nie., sodat hulle selfs soms heeltemal instryd gevoer het met die Kalwinistiese beginsels.

Daarom kom dit by die bronne altyd in sonderheid daarop aan dat 'n mens nagaan, of in 'n sekere bron die suwer Kalwinistiese beginsels die grondslag is.

Verder moet in die oog gehou word, dat in die 17de eeu en daarna in die Gereform. kerke nuwe ideeë opgekom het, en dat die in die reël prinsipiell teenoor die Kalwinisme gestaan het.

Dit was in Duitsland so met die Lutherse beginsels, wat in die Gereform. kerke wysinge aangebring het, in die manier van deformasie. Dit kan opgemerk word in alle lande.

Daarom kan 'n mens die nuwere bronne dan ook nie eenvoudig naas die ouere stel nie, om uit almal gesamentlik op te maak, wat gereform. is nie.

By die ouere bronne moet onderzoek word, in hoeverre hulle uit die Kalwinistiese beginsels voortgekom het.

By die nuwere bronne is baie meer nodig.

In sy boek toon Rieker, dat hy daar iets van voel, maar tog is daar geput uit ouere en nuwere bronre tesaam, om dan uit die twee tot 'n konklusie te kom.

Baie juis is sy laaste opmerking, dat dit baie moeilik is om tot konklusies te kom, om dat daar nie een enkale Gereform. kerk is nie maar 'n aantal geïnstitueerde Gereform. kerke, wat selfstandig is. Maar aan die ander kant kan 'n mens tog ook spreek van 'n Gereform. kerkinrigting, omdat alle Kalwinistiese kerke tog in die beginsels ooreenstem.

Selfs is die eenheid van kerkinrigting baie groter as by die Lutherse kerke, en dit kom, omdat die Gereform. kerkinrigting rus op Dogmatische gronde. Omdat hulle een is in belydenis, moet hulle ook een weer in inrigting.

Vir die bronne en die literatuur doen hy vir die verskillende lande opgaaf van die Kerkordes en die geskrifte daaroor.

Allereers noem hy Kalvyn, en bepaaldelik sy Institusie, enkele van sy Traktate, sy kommentare, preke, brieve, ens.

Verder noem hy die Kerkorde van Geneve, n.l. die van 1561 en die van 1541. Tereg word gese, dat dit tot die hoofbronne behoor.

Maar daardie Kerkordes druk nie heeltemal uit wat Kalvyn sou gewens het. Dan kom daarby, die Kerkordes wat later in Geneve ingevoer is, en wal met name die van 1835 vif die nasionale kerk van Geneve. Daarnaas die kerkorde vir die "Eglise libre" van Geneve van 1848

Met betrekking tot die laaste moet gese word, dat hulle volstrekk nie gelyk staan nie met die Oud-Geneefse Kerkorde, aangesien die nuwe een vir die staatskerk heeltemal terretoriaal en kollegiaal is.

Die van die Vrye Kerk is wel baie beter, maar daarvan le te grondslag 'n nuwere, wel ortodoks gereform. belydenis, maar, een wat tog die skerp punte wil afalyt; terwyl ook die inrigting van die kerk al te sterk neig tot die independisme.

Verder kry ons in die derde plek die Kerkorde van die Waadland. Deur Rieker word opsy gestel die oue kerkorde van Bern afkomstig, en wat 'n terretoriale gees asem. Hy spreek alleen van die nuwere wat vir die staatskerk opgetrek is.

Die Kerkorde van die staatskerk is weer op kollegiale lees geskoei.

Die van die Vrye Kerk is vaag in belydenis, en wat die kerkregtelike betref, is die van Waadland independistes, die van Neufchâtel

meer

meer hierargies.

Ook daardie bronne gee dus nie veel nie.

Dan kom daar nog by die Kerkorde van die Franse Gereform. Kerke, onder die leiding van Kalvyn geïnstitueer, wat nie nodig had om met 'n owerheid te reken nie.

Die Franse Kerkorde, "Discipline Ecclesiastique" is van 1559, en goedgekeur deur die eerste Sinode van Parys. Die volledigste uitgaaf is die van Ds. Huissean, wat dit in 1666 uitgegee het, terwyl die besluite van die Nasionale Sinodes uitgegee is in 1710, deur Ayman.

Hierdie stukke is hoofbronne, maar nie die Franse Kerkorde van die 19de eeu nie.

Met die Rewolusie is ook die Gereform. Kerke erken. Napoleon het deur 'n besluit die hele kerkinrigting van hierdie kerke oorhoop gewerp, en daarvan heel iets anders gemaak. Hy het daar 'n Reglement gemaak, nog baie erger as die van Willem I in Nederland.

Iy het die plaaslike kerke vernietig, en daarvoor ingevoer distrikskerke. Hy het hoegenaamd geen rekening gehou met vroer kerklike bestaan nie, maar alleen met die aantal inwoners.

6000 siele was 'n Konsistoriekerk, en 5 Konsistoriekerke saam was 'n Arrondissementskerk. Dan was daar 'n Sinode van die Arrondissementskerk, en daaronder het die Konsistoriekerke gestaan.

Feitlik het daar tog nog gemeentes bestaan, wat ou kerke was, met predikante en ouderlinge. Hulle het officieus bly voorbestaan, maar onder verband met mekaar.

Daaroor het die Gereform. Kerke in Frankryk baie agteruit gaan.

Onder Napoleon III het daar wat meer vryheid gekom, en die distrikskerke kon hulle self splits in kleiner kerke. Ook is vryheid verleent om weer sinodaal saam te kom. Maar sodanige sinode is maar een keer gehou.

Daarnaas bestaan ook 'n Bond van Vrye Kerke, wat in sommige opsigte meer gereform. is, in andere opsigte meer independentisties.

Al die nuwere Franse Kerkordes gee dus as bronne nie veel nie.

Die Kerkorde van NEDERLAND

Rieker gee aan, watter redaksies van die Kerkorde hy gehad het, en watter redaksies die Kerkorde self ondergaan het, waarby hy die edisie van die Marnix Vereniging gebruik het.

Dan laat hy ineens volg, dat daar in die 19de eeu 'n nuwe reël ontwerp is deur Willem I, wat hersien is in 1852.

Dit is vir hom die bron vir die laaste tyd.

As literatuur gee hy slegs enkele werke aan uit die laaste tyd, en nie een uit die vroeëre tyd nie.

Blybaar het hy veels te weinig studie gemaak van die Nederland, om die bronne goed te ken.

Van Voetius maak hy geen melding nie, en die "Politica Ecclesiastica" van Voetius ken hy blybaar nie.

Nel siteer by 'n noot op pag. 177 van hierdie boek by 'n seer bykomstige opmerking. Blybaar kan 'n mens hieruit aflei dat hy Voetius nie geken het nie.

Dis nie te verwonder nie, want alle Duitse boeke oor Kerkreg verswyg Voetius.

Vroeërl al is daar nie met hom gereken nie, en sofs die studie van sy werke is afgeregt. In Duitsland word net daardie Nederlandse teoloog eer gehou, wat uit Duitsland gekom het, soos Lampe en Marck (die jurie) wat juis van Voetius afgewyk het.

Waar daar in Duitsland nog werke was van Voetius, het die mens hulself daar gehou, aan wat Bohme in "Jus Protestantiae" in die laaste kwartyn insake Parochiana van Voetius se. Die werk van Bohme, wat ongeveer 1749 verskyn het, is lank, en word ten dele nog gehou vir die standaardwerk.

Hy is juris. sy werk is van groot belang, maar hy is van heel ander beginsels. En dit blyk, dat hy die Gereformeerde beginsels nie eens goed ken nie.

Die eerste paragraaf handel Voetius.

Hy verwyt Voetius, dat by die kerk teveel behandel het soos 'n burgerstaat; dat hy in die kerk aan die gemeente te weinig reg toek geken het;

dat hy die sigbare en die onsigbare kerk verwar het;
dat hy paapsgevind is in sy kerkreg.

Hoe Voetius beskuldig word vann Klerikalisme, kan moeilik ontdek word. Hy is wel eens beskuldig geword van Independentisme.

Blybaar het Voetius volstrekk nie goed geken nie.

'n Groot fout van Rieker is,

dat hy Voetius nie ken nie.

dat hy niks weet van die Gereformeerde Kerke in Nederland nie. (alleen van die Nederduits-Hervormde Kerkgenootschap.)

In ander lande gee hy bisonderhede oor die kleinste groepe.

Blybaar het hy dus geen kennis geneem van 1834 en 1886 en kan hy die stryd nie. Hy siteer alleen Prof. Fabius: Het Reglement van 1852.

Ewesear is dit 'n fout, dat hy dit voorstal, dat die Reglement van 1816 noodsaaklik voortgevolg het uit die Gereformeerde beginsels terwyl n.b. daardie Reglement berus op territoriale en kollegiale beginsels.

In verband daarvan merk Rieker op, dat die Kerkorde nie deur die Generale State goedgekeur is, en dat dit dus geen reg en gesag hou nie.

Volgens hom is daar in die Kerkorde slegs provinciaal kerkverband.

Dis heeltemaal onjuis, temeer, waar op die Provinciale Linoden na 1619 altyd deputate van ander provinsies verskyn het.

Waar die overheid die Reformatie teengestaan het, neem die Kerk hom selfstandig ontwikkel, vry van vreemde inwerking. En dit neem Rieker juis as uitsondering.

Hy keer alles praries andersom.

Juis Frankryk en Nederland is die belangrykste om die Gereformeerde beginsels op die gebied van kerkinrigting te leer ken.

NETHERLAND.

Ook hier was die kerk nie heeltemaal vry gewees nie, maar het met die politiek saamgeheng. Tog was die ontwikkeling betrekkelik suiver onder die leiding van Knox en Melville.

Rieker beskryf die eerste en tweede Kerkord's (The First Book of Discipline en The second Book of Discipline) wat ongeveer 1650 genoem word: Form of Presbyterian Government.

Die Kerkorde van Westminster het geldig gebly in Skotland.

Verder gee hy die Kerkorde van die Afgeskeide Kerke, "The Free Church", 1843.

"The Original Seceders" word nie opgeneem of genoeteer nie. En daardie Kerkorde kom wel ooreen met die Gereformeerde beginsels.

Die van die "Free Church" het kollegiale beginsels opgeneem.

ENGLAND.

Van Engeland kan minder gese word, wyl die Gereformeerde Kerke hier gereeld agteruit gegaan het, klein in aantal, krag, en beginsel was.

Dieselbde geld van Ierland.

DEUTSCHLAND, HONGARIJE, POLE, ZEVENBERGEN.

Vry noukeurig gaan Rieker daar die Gereformeerde Kerke na; ook die "vlugtelinge kerke" van die 16de eeu.

AMERIKA.

Van Amerika gee hy summiere literatuur uit die 19de eeu, wat volstrek nie altyd nie van gereformeerde tipe is nie.

Eindelik spreek hy oor die Independentisme of Kongregationalisme, wat hy onderskei van die Kalwinisme, maar wat hy uit die Kalwinisme laat voortkom.

Intussen definieer hy die Independentisme nie juis nie, maar gee hy van die Independentisme juis die definisie, wat geld van die Gereformeerde beginsel.

Elke plasalike kerk is vry, en staan nie onder 'n ander kerk nie.

Hierby se die Gereformeerde beginsel, dat daar kerkverband vereis word. Maar die Independentisme le is die nadruk alleen op die Kongregasie, nie alleen wat die beginsel, maar ook wat die uitvoering betref.

Daar is geen erkenning van ampte en dienste.

Die predikante is slegs dienaars van die gemeente, uitvoerders van wat die Kongregasie bealis.

Die inleiding is 56 bla. groot.

Die literatuur is lank nie kompleet nie, maar dit kan ook van Rieker nie gevraag word nie.

In die tweede deel van sy werk gee Rieker die ontwikkeling van die Grundsätze in 7 hoofstukke:

- 1) Gereformeerde Kerkbegrip,
- 2) Betekenis van die Kerkinrigting vir die Kerk,
- 3) Formele beginsels,
- 4) Materiële beginsels van die gereformeerde kerkinrigting,
- 5) Waarborgs teen afwyking van die materiële beginsel,
- 6) Gereformeerde kerkvergaderinge,
- 7) Staat en Kerk volgens Gereformeerde beginsel.

Hierdie reeks hoofstukke lyk meer op 'n reeks afsonderlike verhandelinge, as op 'n geselekteerde ontwikkeling van die Gereformeerde Kerkinstituut.

Die capita is nie gekoördineer nie, en daar is geen vaste gedagtegang.

Al is daar 'n samehang van gedagtes, is die vorm tog nie so nie, dat die samehang in die oog val.

Die meer losse beskouings oor Gereformeerde Kerkinstituut, deur 'n losse band verbind. Daardeur is soms die voorstelling minder helder as wat 'n mens sou wens, al blyk dit duidelik genoeg, wat die skrywer aansien vir Kerkinrigting volgend Gereformeerde beginsels.

Daarby, as Duitser, bekryf hy die Gereformeerde Kerkinrigting meestal in teenstelling met die Luterse bekouing. Dis jammer, dat die skrywer nie 'n tweede teenstelling daarvan toegevoeg het nie,

n.l. die van die Gereformeerde Kerke teenoor die Rewolusionere of kollegialistiese kerkbeskouing.

Dit geskied nie.

Intesendeel stel hy dit so voor, asof die Kollegialistiese kerkbeskouing en inrigting voortvloei uit en saamhang met die Gereformeerde kerkinrigting.

Die oorsaak hiervan is, dat hy, blykens die inleiding, ook die Kerkordes van die 19de eeu(die van die Ned. D.Herv.Kerk, en die wat ontstaan het in Frankryk, Zwitserland en Amerika) gebruik, terwyl tog die meeste van daardie Kerkordes geskoel is op rewolusionere lees, en meer of min afwyk van die oorspronklik Gereformeerde beginsels.

Hulle is min of meer 'n deformasie.

Gereformeerde Kerkbegrip.

—

(1ste hoofstuk van Rieker).

In ses of sewe paragrawe gee Rieker sewe punte an, waarin die Gereformeerde Kerkbegrip afwyk van die Luterse, en geheel eienaardig is.

Daardie punte lei hy af uit die bron se self, en daarby het hy nie geredeneer nie (op anders Duitse manier) uit 'n opvatting van die Gereformeerde beginsels, wat hoofsaaklik rekening hou met uiterlike omstandighede, wat dan by Kalvyn sou gevind word.

Die Duitsers b.v. verklaar die Gereformeerde beginsels daaruit, dat Kalvyn tevens juris van Romaanse afkoms was, en dat die Reformasie in Gereformeerde sin sou te dank wees aan die Humanisme.

Daarteen kom Rieker op, en erken, dat hierdie drie faktore nie van corrugende gewig is nie.

Formaal het sy juristiese kenis hom gehelp, maar die materiële het Kalvyn alleen uit die Skrif gehaal.

Kalvyn self het geskryf, dat van juriste nie vir die kerk veel wagte is nie, daar die juriste almal die kanoniese reg voorgestaan het.

Dat Kalvyn van Romaanse afstamming is, is waar, maar volgens Rieker is sy denkbeeldige juis nie in Romaanse lande maar in Germaanse ontwikkel.

En on die Humanisme met die Reformasie in Geneve meer in verband te bring as met die Reformasie in Duitsland, is heeltemal onjuis.

Melanchton was baie meer Humanis as Kalvyn.

Alleen Zwingli is sterk Humanis, wat veal meer filosofer, en baie dinge filosofies probeer te bewys. Kavyn het uit die Skrif geredeneer en het teenoor die gees van die Humanisme gestaan. Tereg reden vir Rieker dus nie uit hierdie beskouings nie, maar uit geskrifte van Kalvyn en uit Kerkordes.

Die eerste punt is,

1. dat in die Gereformeerde kerk baie mind r skerp onderskeie word tus en sigbare en onsigbare kerk, as in die Luterse kerk.

Na Luterse beskouing is die onsigbare kerk die ware kerk, en die sigbare 'n samestel van uitwendige dinge. Sover dit 'n kerk is, is dit nie sigbaar nie, en wat sigbaar is staan buitkant die ware kerk. Die 'n baie kewe teenstelling, maar later het Luther die rigbare kerk wat hoer gestel.

Tog is die Luterse beskouing, dat die sigbare kerk dien, om Woord en Sakramente te bedien.

Daarteenoor sien die Gereformeerde in die sigbare die openbaring van die onsigbare kerk.

Die, wat na die woord van God is, is dat die ware kerk. Die Roomse kerk is nie die ware kerk nie, omdat dit teen die woord van God is.

Bit is in die hoofsaak juis, maar dit sou beter gewees het as Rieker gese het, dat die Gereform. nie twee kerke ken nie, maar een Kerk, wat in sekker opsig sigbaar is en in sekker opsig onsigbaar is. Wie alleen van die kerk uiterlik lid is, kan nie gese word, by die kerk te behoor nie. Hy is hipokriet.

Die verhouding is dus nog inniger as wat Rieker dit voorstel. Die Kerk is sigbaar, orals waar maar 'n gelowige is.

Dit is die organiese kerk.

Maar daarvan moet onderskei word die kerk, soos die geirstitueer is.

Die versuim om dit te se, dit in te sien, kom tans weer uit in die boek van Rieker.

By die besprekking van Kerkreg, verhouding van persone daartoe, het 'n mens altyd en alleen te doen met Ecclesia instituta. Nie asof 'n mens niks te doen het met die Ecclesia visibilis non instituta, en die Ecclesia invisibilis, want 'n mens moet in die mistieke liggaam die vorm sien vir die inrigting van die kerk.

By die Revolusiebeginsal verenig sig eenvoudig godsdienstige individue tot godsdienstige geselskap, tot kultus, ens., maar met die mistieke liggaam van Christus, die Ecclesia invisibilis, word nie gerekken nie.

Hierdie punt, hierdie teenstelling, word konsekvent natuurlik nie deur Rieker behandel nie.

2.

Die tweede punt is

dat by die Gereform. die Kerk 'n stigting is, nie soseer om deel te laat kry aan Christus, as om die gelowiges te heilig.

"Heilsanstalt" is by die Gereform. volgens Rieker "Heiligungsanstalt".

Hy verklaar dit daaruit, dat die Gereform. kerke uitgaan van die predestinasie, en dat die kerk die eleksie nie kan bring nie, maar dat dit afhang van God's beskikking.

Volgens hom moet die kerk die uitverkorenes heilig, en om daardie rede staan die discipline so hoog, meen hy. Daarom staan die van die Lutherse hoor.

In hierdie beskouing le enige waarheid, maar in die grond van die saak is dit onjuis.

Saar is dit, dat by die Lutherse kerk soteriologie die allesbeheersende gedagte is, by die Gereform. die soewereiniteit Gods, en ly verheerliking.

Dit gaan nie alleen om die heil van die mens nie. Die is sekonder. Dit gaan om die par van God. Maar daaruit volg dat die soteriologiese element ook sy belang het, maar dit alleen ondergeskik aan die Heerlikeids Gods.

Onjuis is die mening van Rieker, dat die Gereform. Kerk die soteriologiese element weglaat. Die Gereformeerdes preek wel seker geloof en bering.

Die Gereform. Kerk stel die predestinasie nie tot uitgangspunt nie. By die Gereform. Kerk kan 'n mens nie van die eleksie uitgaan nie, soos Rieker neen nie, omdat die Kerk nie eer die inwendige kan oordeel nie.

Die rede van die tug is wel in die heililing, maar tog allemees in die eer van God.

Dit word deur Rieker vergeest.

Die derde punt

bespreek Rieker, dat by die Gereform. die Kerk nie slegs 'n godsdienstige gemeenskap is nie, maar veel meer 'n sosiaal organisme.

Die Lutherse men in die Kerk slegs 'n stigting wat Woord en Sakramente moet bedien; die Gereform. 'n liggaam wat tot objek het alle Kristelike, sedelike wekraamhede.

Daaruit verklaar hy die diakonie, en dat die Gereform. Kerk teen arbeid van Vereniginge is (sending, opvoeding, onderwys, ens.) Daar is in hierdie bewering enige waarheid, maar weer is dit nie heeltemal juis uitgedruk nie.

Onjuis is dit, dat alle Kristelike arbeid aan die Kerk toegewys word. Dit geld alleen daardie arbeid, wat die Woord van God aan die geinstitueerde Kerk toewys. En wel is waar, dat die Kerk die uitgangspunt is van alle Kristelike arbeid, maar dis die Roomse standpunt en nie die Gereform. nie.

Rieker sien hier weer die verskil tussen institout en organisme oor die hoof. Wat hy se, is waar, as 'n mens vir "Kerk" lees "kerk as organisme". Die sending, vir sover dit prediking is, die gemeenskaplike barmhartigheid, kom in die kerk toe; maar b.v. die onderwys nie.

Die vierde punt

is volgens Rieker, dat by die Lutherse Kerk, sowel as by die Roomse, die stigtende, by die Gereform. die genootskaplike op die voorgrond staan. Tereg wys hy op die "anstaltliche" in die Lutherse Kerk.

Daar is die Kerk eraans, al is daar nie gelowiges nie, en die Kerk is die moeder van die gelowiges. Die Kerk maak gelowiges, en die gelowiges is nie die subiek, maar die objek van die Kerk.

Nie die Kerk word deur hulle gwerk, maar die Kerk werk op hulle.

In die Gereform. Kerk staan op die voorgrond dat die Kerk die vergadering van die gelowiges is. Sonder die gelowiges is daar geen Kerk moontlik nie.

Daarom kan 'n mens alleen vrywillig tot die Kerk behoort, iets, wat teen die sin van die persoon wel kan van Lutherse en Roomse standpunt, omdat daar die gelowiges niks te se het nie.

Sover gaan alles goed.

Maar dit is heeltemal onjuis, om te se, dat die Kerk slegs 'n genootskap is. Trouwens Rieker beweer, dat die Kerk van die 16de, 17de en 18de eeu iets "anstaltliches" het, en dat die kinders daar toe behoor, sonder dat hulle dit weet.

Ook moet gesê word, dat nie die menslike wil nie, maar die wil van God die Kerk vorm.

Die Kerk rus op God's ordinansie, en die gelowiges moet hulself, op grond van God's Woord by die Kerk voeg. Die Kerk lyk dus wel iets op 'n stigting, en ook wel iets op 'n genootskap, maar van Gereform. standpunt verenig die Kerk beide.

Die Kerk het nie ten doel nie, wat die mens ten doel stel. Dit verskil dus heeltemal van 'n genootskap, behalwe dat niemand gedwing kan word om lid daarvan te word nie.

Om daardie rede kan Rieker nie se nie, dat die genootskaplike eers in die 19de eeu daarop.

werk het. Hy kan homself wel beroep op reglemente maak, soos die van 1610, maar dié suyis om te staan. Dat hierdie sonnoukselike slawut die radikale ontwikkeling is van die beginnel van die Tide tot 17 Wye sek.

Die beginnel staan juus vlek teenoor hierdie ontwikkeling. Die ontwikkeling self is rewolusionêr.

Die 'n deformasie, wat van buitekant af in die kerkinstigting gewerk het. Daarvan hang saam, dat die Gereform. Kerk geskeek het net die paroegestelsel, wat daar die Lutherse oorgang is van Rome, waar onder paroegie verstaan word: die gelowiges, wat op een en dieselfde plek objek was van kerklike werkzaamheid, verrig deur 'n "parochus" of geestelike. Dit is geen regopsonenlikheid nie, en het niks te se nie. Die parochus staan bekant dié paroegie.

In Gereform. bestowing was sodanige paroegie, die gelowiges, wat die tot die Kerk gevorm. Nulle was nie objek, maar subiek.

Daardie oorgang van paroegie in gemeente het geleidelik gegaan.

In groot pligte het dié paroegies saam 'n Kerk gevorm. Van die ouer het egter hierdie goeie gehlyk dat elke: 'n bepaalde aantal gelowiger aan eer dienaar toevertrou kan word.

Vandear dat die stede in wyke ingedeel is, dat lyk sel op die ou paroegie, maar is inderdaad heel iets anders. 'n Wyk het niks selfstandig nie.

5.

Die vyfde punt

is volgens Ricker dat by die Gereform., die Kerk die gemeente is.

Die "Gemeindeprincip" is in hoofsaak.

Die partikuliere, plaaslike kerk is die begin, en bly altyd die hoofstuk. Die partikuliere Kerk het all-kersmerke assosiasie, en is dus selfstandig en vry.

Ricker kom terug op teen die voorstelling wat in Duitsland daarvan gegee word, wat nie spesifiek Gereform., is nie.

Gelyds is, volgens Ricker oordelende van die Kerk behou as een geheel. Haar oordelende, wat soms baie mag had, en die absolute geribberdiel wat daar 'n hoër beweert nie.

In die Gereform. Kerkbegrip is wel die selfstandigheid van die plaaslike kerke, wat dan die beurt te sien is by die Independente, wat vurig moegewerk het, dat in Frankryk en Nederland die Reformatie afwemaal, met teenwerking van die overhuid tot stand gekom het.

Wat hierdie voorstelling betref, moet opgemerk word, dat hierin veel waarheid is, maar dat Ricker b.v. die voorstelling kollegiaal of independent te skep geskeel het. Hy misken, wat die eindاردige Gereform. is, die autonomie van die plaaslike Kerk, maar net die verpligting om deel uit te maak van die Kerkverband, 'n verpligting wat nie juus ahang van menslike willekeur, maar "jure divino" is.

Die Independente sien hierdie laaste punt verby, terwyl hulle oensydig 'n Gereform. beginnel toon.

Die Kollegialisme ontwikkel eensydig die ander

beginsel, dat alle kerke blykbaar hoer.

Daarom is die Gereform. Kerkbegrip nie independisties nie, maar ook nie kollegiaal of terreterial nie.

As Ricker die Reformasie onder te werkking van die owerheid abnormaal noem, kan 'n mens eerderdie teenoorgestelde beweer, aangesien, wanneer dit toegaan op Ricker's normale manier, die owerheid die Kerk reën, en na sy sienswyse oorbuig.

In Nederland en Frankryk sien ons juis die normale ontwikkeling.

As Ricker dit in die oog gekou het, sou hy nie besluite aanghaal het, van Sinodes, wat volgens hom, nekaar tebspreek, wanneer die een besluit ingaan teen die kollegialisme, die ander teen die independentisme.

Die teenswoordige Kollegialistiese stelsel is valstrek nie gereform. nie, of 'n gereform. konsekwensie nie.

Die sesde punt

Op gereform. standpunt het die Kerk 'n eie lewensgebied.

Die Kerk is nie maar een kant van die publieke samewerking nie, maar 'n organisme op homself; ook die gefinstitueerde Kerk. Dit het sy eie terrein, eie opsig, eieorgane.

Tereg se Ricker, dat dit van gereform. standpunt nie bedoel is nie as 'n staat in 'n staat, soos die Arminiane daarin gesien het nie.

Dan word twee heterogene groothede vergelyk, want die selfstandigheid is nie van politieke aard maar van religieuse aard, uitgaande van die band aan Christus.

in enjhuys, tuig en kerklike gesamentwerk; en van die Kerk

Om te spreek van die outonomie van die Kerk, is onjuis, volgens Ricker, en tereg, want die Kerk is onderworpe aan Christus, en sy vryheid moet verdedig word teenoor die owerheid.

Dit is alles baie goed opgemerk deur Ricker.

Die sewende punt

Minder juis is die stelling van Ricker, dat die Gereform. standpunt ooreenkou met die natuurlike. Dit is onjuis, al mag daar enige verwantskap wees. Vereers se Ricker, is die Gereform. Kerk meer genootskap as instelling. Dog hy beweer dit ten onregte.

Ook die opkoms van die partikuliere plaaslike kerke noem Ricker iets, wat uit die natuur ontstaan Hierin is wel 'n element van waarheid, maar die grond van daardie opkoms is waarskynlik nie in die natuurreg. Die vryheid van die plaaslike kerke kom op uit wat Christus gee, en nie uit die wil van die lidmate nie.

T W E D E H O O F S T U K .

Betekenis van die Kerkirrigting.

Terwyl die Lutherse min of meer onverskillig is vir die kerkirrigting, as daar maar goed gesprek word, is die gereformeerdes van mening, dat 'n goeie kerkirrigting noodsaaklik is.

Dit word in verband gebring met die ordeliewende sin van die Kalwinisme., om so min as moontlik aan die willekeur oor te laat.

Rieker se dan ook, dat die Gereform. aanneem, dat die beginsels in Gods Woord "jure divino" gegee is, waarom dan ook in die Belydenis van die Geloof 'n verklaaring gegee word van kerkirrigting.

Rieker se, dat dit ooreenstem met Rome, wat ook spreek van goddelike ordinansies, al beroep Rome homself ook op die tradisie ens."

Rome sien in die kerkirrigting, volgens Gereform. kerkbegrip, een van die "notae ecclesiae". Dit is egter onjuis. Die Gereform. het erken dat daar misstarde kan wees, maar die moet 'n mens nie goedkeur nie, maar weggruin.

Wanneer Rieker se, dat uit Gereform. beginsel 'n nedging tot separatisme voortvloei, is dit nie heeltemal onjuis nie. In die Lutherse Kerk gaan die mense nie weg uit 'n kerk, wat ingaan teen Gods ordinansies nie.

Dit doen mense wel van Gereform. standpunkt.

Maar dit wil nog nie se dat 'n mens om elke afwyking sou mag uittree nie. Dit kom meer, deurdat soms die betekenis van die individu tot individualisme coralaan.

Die kerkirrigting is vir Luther 'n onverskillige saak en gewees.

D E R D E H O O F S T U K .

Die Formele Beginsel van Kerkirrigting.

Seer juis se Rieker, dat die formele beginsel hierin bestaan, dat die Kerkirrigting moet ooreenkomm. met wat Gods Woord ten aansien daarvan lear, en met wat die apostoliese kerkirrigting toon.

Hy aiteer, dat Kalvyn reeds in 1541, toe hy in Geneve die kerkirrigting begin te formeer het, in 'n brief aan Farel van 16 September 1541, as beginsel noem, 'n ecclesiae regimen qualis ex Verbo Dei nobis praescriptus est, et in veteri ecclesia observatum.

Rieker wys verder aan uit geskrifte van kalvyn, en onderskate Gereform. Konfessies en Kerkordes en Sinodale besluite, dat hierdie formele beginsel orals op die voorgrond staan. Hy wys op 'n verskil tussen die Kalwinisme en die Lutheranisme; in die Lutherse Kerk is die skrif ook normatief, maar dit word byna heeltemal beperk tot sy godsdienslike inhoud, terwyl die Gereform. daarin ook sien kerkregtelike en sosiale ordinansies, wat ewegens goddelike gesag het.

Daarom is by die Lutherars alles gecoorloof, wat Gods Woord nie uitdruklik verbied nie, terwyl by die Gereform. niks gecoorloof is nie as alleen wat Gods Woord Uitdruklik gebied of veroorloof het.

Rieker druk dit wel wat sterk uit; "die Bibel der Codex der Gezette und Ordnungen".

Dit is nie so nie. Die Gereform. beskou dat die Bybel wel openbaring bevat van ordinansies en redls.

In verband met daardie krasse element van sy voorstellen staan dat hy neen, dat in die Gereform. Kerke wel hier en

daar te sien is, 'n sekere verzwakking van hierdie beginsel, insover ook weleens 'n beroop gedaan word op rasionale gronde en die lig van die Natuur.

Die waar, dat Kalvyn dit ook gedaan het, maar dies nie instryd met die genoemde beginsel. Die Bybelis geen wetoek nie, wat alles formuleer in ligte en dalk artikels. Die Gereform. erken juis, dat lank nie alles in die Skrif geformuleer is nie, en dat veel daaruit by wyse van deduksie moet afgelaai word. En wat dan ook daaruit met logiese konsekwensie volg, het dan ook godlike gesag. Vootsa erken die Gereform., dat die Skrif allerlei byoorsake oorlaat aan die regeling, konform die omstandighede.

By die onderskeie toepassing moet 'n mens wel te rade gaan met die lig van die natuur.

Ook sake, wat die kerk self moet reg, is daarom nie aan willekeur oorgelaat nie. Wat betref die apostoliese ordinancies van die eerste eeu, die het by die Gereform. nooit op een lyn gestaan met die Skrifgesag. Kirby moet gereken word met die tye en omstandighede. Al wat die Apostels gedaan het, was nie bestem vir alle eeu nie. So is dit b.v. met die besluit van die eerste Konsielie van Jerusalem, wat spesiaal gemaak is met die oog op die vooroordele van die Jode.

In dieselfde hoofstuk spreek Ricker van die toepassing van hierdie beginsel op die instelling van die ampte of dienste in die kerk. Dit hoort eintlik tot die materiële beginsel. Hy het in die besonder Kalvyn se Institutie en sy kommentare en brieve geraadpleeg.

Ditx het Ricker goed gedoen.

Daar is egter een onjuistheid. Hy neem dat Kalvyn in dieselfde boek, die Institutie en ook in die kommentars tweërlei amp toegeval het; enersyds die buitegewone amp van Prefect, Apostel Evangelis, en die wondergawe, geneesing en Skrifuitlegging, en die gewone ampte van herder leeraar, regeerder en armversorger. En daarom meen Ricker dat hiermee instryd is, dat Kalvyn elders tweërlei soorte ouderlinge noem; die een alleen regeerder, die ander ook arbeidende in die noord.

Rier is egter geen stryd nie.

Missien kon Ricker dit wat beter in die lig stel, dat al daardie ampte dienste is, "misteria, officia".

Die woord "amp" laat so maklik dink aan 'n sekere hoogheid. Dit hoort daarom meer huis op burgerlike gebied. In die kerk is nie menslike hooghede nie.

Daar is slegs een Koning en die mens is almal dienaars.

V I E R D E H O O P S T U D .

Die materiële Beginsel.

Seer juis is die materiële beginsel aldus aangegee; negatief, die uitsluiting van alle menslike heerskappy in die kerk,

positief, die allenheerskappy van Christus in die kerk.

Allen moet 'n mens die positiewe vooropstel. Die Kerk het die Koningskap van Christus aangeneem, nie as gevolg van nadink nie, maar alleen op grond van die getuenis van di Heilige Skrif.

Ook in hierdie opsig is daar verskil tussen Kalvyn en Luther.

Ook die Lutherse Kerk erken dat Christus die Hoof en Koning van die Kerk is, maar in die Lutherse Kerk word dit byna heeltemal beperk tot die onsigbare Kerk, en dan word aangeneem dat in die sigbare Kerk, bepaaldelik die "Ecclasia instituta", wel deeglik menslike bepalinge kan wees. Dit het saamgeheng met die manier van Reformatie in die Lutherse lande, waardoor die Lutherse Kerk van neet af 'n overheidsgesag erken het binne in die kerk. Die gereform. Kerk egter, is as vryself deur omstandighede daartoe gebring, om af te sien van alle overheidssteun, en deur hulle formele beginsel het hulle daartoe gekom, om die Koningskap van dinsigbare kerkxx Christus ook vir die sigbare kerk te laat geld, aangesien dit by hulle dieselfde kerk is,

alleen onder 'n ander gesigspunt.

Wel is die manier, waarop Hy by Koningkryp uitvoer, verskillend: in die onsigbare kerk, lange mistieke weg,

vanzelf, soos die hoof die liggaaam bestuur,
terwyl hy in die sigbare kerk daarvoor ly voord
gegee het, en die dienste ingestel het, en daardie
woerd in toepassing te bring.

Ma r die middelelike weg verhind nie, dat Kristus tog die Koning bly, en die ampadraars op die gesag nooit iets te se het nie.

Die Gereformeerde Kerke kan dusse Kristo-kraties genoem word teenoor die papale, die episkopale en die territoriale stelsal.

Daarom was die Gereformerde altyd teen die Patronat.

Ricker kon ook wel daarby gevogel het, dat daarom die Gereformeerde stelsal ook staan teenoor die Kollegiale stelsel, waar die wil van die moederheid heers, en nie die woord van God nie.

In een van die nuwere Gereformeerde Kerkordes is dit nie onaardig uitgedruk nie, dat 'n lid van die kerk kan appelleer van die hoogste vergadering op kristus, as die hoogste reg. (Die Skotse Kerk).

V Y F D E B O O F I T U S .

Waarborge teen Afwyking.

Ricker spreek oor die skutsmur teen mensheerskappy. As sodanig noem hy ywf warborgte

- 1) Alle ampadraars is slegs dienaars van Kristus.
- 2) Alle ampadraars is principieel gelyk.
- 3) Alle kerklike beslissings moet deur vergaderinge geneem word.
- 4) Naas die geestelike word ook leke tot die kercregering geroep (ouderlinge en diakens).
- 5) Die kerkvergaderinge draag 'n godsdienstige karakter.

Hierin is heel wat, wat waar is, maar kom ook baie onjuishede in voor. In die algemeen is dit al nie juis nie, dat hierdie punte st an alleen teen mensheerskappy, uitgevind deur die Gereformerde met dierdie bepaalde doel. Die Gereformerde het hierdie beginsels in die Woord van God aangetref, en het hul e ook dienstig gevind teen die mensheerskappy.

Dit geld al terstond by die eerste beginsel: in die kerk is geen meesters of overhede of plaasvervangers van Kristus, geen imperium of dominium nie, alleen potestas officii et ministerialis; slegs dienende mag en dienaars, nie van mensa nie, maar van Kristus in die eerste plek.

Dit is in alle Gereformeerde Konferencies op die voergrond gestel.

Baarom kan daar geen sprake wees van blinde gehoorzaamheid \times aan ampadraars, maar alleen van gebondenheid aan Gods Woord.

Die Gereformerde neem dit aan omdat die "Krif" dit so leer. Hierin verskil die Gereformerde van die Papale, die Episkopale en die Luterse Kerk. Wel is die Geestelikes hier dienaars van Kristus, maar dit word opgevat in sedelike sin, soos die Overheid ook 'n dienaar van God is, maar waarby die heersende mag bly.

Daarmee hang s.a.m, dat aan die kerklike vergaderinge in die reel nie word toegerekken wetgewende mag nie.

In England word die kerklike vergaderinge "Courts with jurisdiction and declarative power" genoem, maar hulle het nie die reg nie van "lawgiving".

Later is dit verander, en by verswakking is daar in die 18e eeu reeds gesprek van wette. 'n Kerkvergadering kan slegs 'n wet toepas, maar g en wette maak. 'n Regbank maak ook geen wette nie, maar pas dit slegs toe, so ook mag 'n kerklike vergadering aflei uit Gods Woord, maar nooit mag op homself belis nie.

Die tweede beginsel: principiale gelykstelling van alle dienaars van Kristus.

Die teenstelling is wel eens gesien dat die Episkopale reeds vanouds af meer mag gehad het, maar die Gereformeerdes het geantwoord, dat hierdie misstand wel baie oud is, maar nie steun op die Woord van God nie.

Rieker wys daar voorts op, dat 'n kerkraad met meerder predikante telkens 'n ander voorzitter het, dat in die meerder vergaderinge die voorzitter gekies word en dat daar geen vaste voorzitter mag wees nie, en dat die Gereformeerde Kerk steeds 'n afkeer gehad het van alle superintendentskap.

Daarmee instryd lyk wel enkole feite, b.v. dat Kalvyn in Pole toegelaat het, dat die Episkopaat behou sou word, dat John Knox in Skotland 'n soort superintendent aangewys het, en dat die Nederlandse vlugtelinge kerk in Londen in Johannes a Lance 'n superintendent gehad het.

Daartoe staan, dat aldrie hierdie gevalle so staan, dat hulle tydelike konsesies is gewees tot bevordering van die goede saak.

Kalvyn het dit nie as 'n beginsel gestel nie, maar as konsesie, as tydelike misstand, a. oorgangsmateul.

En talkant moet hierdie konsezie dan ook in die lig van die omstandighede gesien word. So was dit in Skotland, waar 'n predikante tekort was. Toe het die reisende predikante 'n stuk land gekry om op toe te sien.

Die dieselfde geval as in die sending, Vir 'n lang tyd moet die dienaar 'n soort oppertoeig hou, totdat die gemeente selfstandig is.

Wat Londen betref was dit die enige konditie, waarop die Nederlandse vlugtelinge kerk daar het mag bestaan.

Steeds was die Gereformeerdes daarop teen gewoen, dat tussen twee sinodes of klasses in, persone die bestuur in naam daarvan, sou uitgeoefen. So was hulle dan ook teen alle sinodale kommissies, wat tenslotte dan die hoogste kerklike bestuur word, met die biskopplike mag.

Iets was dit in Skotland, waar die sinodes bestaan het uit alle kerke. Daar was 'n kommissie van 40 predikante en 60 ouderlinge, ... dus eintlik al 'n sinode.

En later is dit nog meer uitgebrei.

So'n kommissie is geen eintlike kommissie nie, in die regte sin van die woord. 'n Eintlike kommissie ontaard steeds in 'n opperste kerkbestuur. Behoerte aan sodanige opperste bestuur bestaan nie in die Gereformeerde kerke nie. Kom daar 'n baie dringende saak, dan word die hele sinode saamgeroep. Alle gemeentes staan dan ook gelyk, volgens Gereformeerde opvatting.

Die derde beginsel: alleen kerklike vergaderinge neem beslissinge.

Die dienaars het 'n "commune ministerium" (Kalvyn). Nogtans mag 'n besluit slegs opgedring word aan 'n persoon. Ook dit het die Gereformeerdes in die Heilige Skrif gevind. (c.f. die Apostelkonvent).

Steeds moet die heerskappy van een persoon geskeer word. So ook wel die heerskappy van die meerderheid, omdat dit in die kerk van Kristus nie bloot op meerderheid van stemme mag afgaan.

Die vierde beginsel: in die regering van die Kerk word ook keke gestel.

Ook die Luterse Kerk erken die algemene priesterskap van die gelowiges, maar tog gee dit in die Lutherse Kerk geen bevoegdhede nie. Die gesetlike is harder, salversorger van die gemeente, en al die gemeentalede is sy skape.

Rieker bestry diegene, wat vir die Luterse Kerk op kerkelik gebied drie stande stel: status politicus,

- ecclesiasticus,
- economica,

Hierdie onderskeiding van die Luterse is geen kerklike onderskeiding nie, maar word in die algemeen gemaak. In die Kerk kan 'n mens dan ook nie spreek nie van 'n "Lehrstand, Wehrstand und Mährstand" maar hierdie onderskeiding geld op staatkundig en maatskappelik gebied.

Die mond. Dat word in die kerk in die Lutense Kerk gesien.

Wel is daar in die Lutense Kerk die onderskeiding van geestelikes en laike.

Ten aansien van hierdie halte voorstelling moet geld, dat die principium onjuis is. Die halte deling ~~van~~ in geestelikes en laike is ongeriformeer.

Wel beroep Rieker sig op Institutie Boek 4, cap. 12, par. 1, waar Kalvyn spreek oor "disciplina", en dan onderskeie tussen "clerus" en "plebs".

Egter vergeet hy, dat Kalvyn terstond daarop sê "clericos vero, unitato nomine", 'n aanduiding van diegene, wat in die openbare kerkdienste is.

Dit geld ook van die ouderlinge en die diaakons. Hulle is dus ook clerici, en nie laike nie, soos Rieker neem.

Reeds in Institutie, Boek 4, cap. 3, par. 8, se Kalvyn, dat hy van geen clerus wil weet nie. Elders se hy, dat die naam "clerus" nie drug nie.

Die ouderlinge en die diaakons is dan ook geen lekaregeerd nie naas die geestelike regteerders, maar hulle is gelyk met die bedienaars van die Woord in die Kerkdienste.

Aan die slot se Rieker, dat die Gereformeerde Kerke aan die hele gemeente toegeken het die reg van kerrijsmaking en boordeling, uit vrees, dat ook die ouderlinge tot tirannie kan kom. Daarom roeger die gemeentelede nie saam nie, maar kontroleer hulle die regering.

Volkssoeweraariteit het die Gereformeerdes nooit geleer nie.

Maar dit onjuis, dat dit gedoen is, om die tirannie van die ouderlinge te voorkom.

Rieker se ook, dat die teorie van die gemeente as die oorpronklike besitter van die "Potestas ecclesiae" aan die Kalwinisme vreemd is, maar dit is geheel onwaar.

Viral Voetius maak dit baie duidelik.

'n Reformasie, wat uit die gemeente opkom, is op Roomse en Lutense standpunt onmoontlik. Maar by die Gereformeerdes moet die Reformasie uit die gemeente opkom.

Die vyfde beginsel : die kerkelike vergaderinge dra 'n godsdienstige karakter,

Aan die einde van sommige sinodes word daar dan ook 'n predikasie gelewer.

Mit alles geskied egter nie, omdat die mense daarmee wil se, dat hulle onder die leiding van die Here vergader is, maar die preek geskied om die kritiek. Die gebed voor en na die sitting is nie vir ouderlinge stigting nie, maar om die leiding van die Here vir hierdie bepaalde vergaderinge, terwyl viering van die Awendmaal aan die eind van die sittings van die sinode geen gewoonte was nie.

Bowendien is dit dan ook nie die Sinoda as sodanig nie, wat die Awendmaal vier, maar is dit die viering van die Awendmaal van 'n bepaalde kerk, onder toesig van sy Kerkraad, waarsaan die lede van die Sinode dan as gaste deelneem.

Eindelik geld, dat die Gereformeerdes al hierdie punte aangehaal het, omdat hulle dit so gevind het in die Heilige Skrif.

S E S D E H O O F F T U K

Vergelyking van die Gereformeerde Kerkelike vergaderinge met die 19de eeuse Lutense Kerkelike vergaderinge.

In hoofstuk 6 gaan Rieker eer tot 'n vergelyking van die Gereformeerde Kerkelike vergaderinge, met Kerkelike vergaderinge, soos dit in die 19de eeu in die Lutense Kerk voorgertaan is.

Hy wys die verskil aan, om die sienaardige van die Gereformeerde Kerkelike vergaderinge duidelik te maak.

Die motief, dat mense in die 19de eeu in die Luterse Kerk op vergaderinge aangedring het, lig alleen in 'n praktiese doel, omdat gemeen is, dat dit ook aan die kerk toekom, om invloed te he op sy eie aangeleenthede.

dit is in teenstelling met die Gereformeerdes, wat ouderlings en diakone het, op grond van die Heilige Skrif.

Hierdie Hoofstuk van Rieker kom nie heeltemal ooreen nie met die vorige, en in die tweede plek soek hy die onderskeid hierin, dat, na die moderne Luterse begrip, die ouderlings volkverteenwoordiger moet wees, en as sodanig daar die volk gekies moet word.

By die Gereformeerde Kerke is die ouerlings daarenteen vertegenwoordigers van Kristus, diensare van Kristus by die gemeente.

Na aanleiding daarvan se Rieker, dat dit van gereformeerde standpunt dan ook onverskillig is, hoe hulle in diens kom, deur verkiezing deur die gemeente of deur kooptasie.

Daarom kan ook nie as die Kerkraad geen tweede kollegie wees nie, omdat naas 'n kollegie, met meg bekles deur Kristus, gern ander kollegie kan bestaan nie. Dit is 'n misverstand. Die Gereformeerde Kerke leer wel, dat die Kerkraad die gemeente "vertoon", d.w.s. dat die Kerkraad die org an ipsa waardeur die Kerk na buite optree, sodat die Kerkraad wel degelik vir die gemeente opkom.

Maar nie in die sin, wat "verteenwoordiging" op staatkundig gebied het nie, nml. opkom vir die belang van iemand.

'n Ouderling spreek alleen in die naam van Kristus.

Die beste pas dan ook by die beginsel, dat die persone deur die gemeente self word aangewys, behoudens sekere toedig vand die kerkraad, en sekure leiding.

In verband hiermede se Rieker, dat by die Gereformeerdes gemeente-vergaderinge eintlik geen bestaansreg het nie, n.l. om iets te bestuur.

Wel is dit in baie gevalle prakties, om sodanige vergaderinge te hou, om die gevoele van die gemeente te voel, maar 'n mens mag daar nooit aan toeken nie 'n formele mag om te handel.

Ook is in die Gereformeerde kerke die Predikante aan die opsig en die tug van die Kerkraad onderworpe, terwyl hulle in die Luterse kerke all en staan onder die opsig van hulle eie kollegas, in hoëre kolleges byeen, of van die Staat.

In die 19de eeu is dit by baie Gereformeerde Kerke wel anders geword. B.v. by die Hervormde Kerkgenootskap, waar die predikante ontrokke is aan die tug van die Kerkraad. Dit het hierargiese tendens.

Natuurlik is daar uit Kerkordes van vroer en later tyd wel een besluite te haal, wat nie heeltemal hiermee kloep nie, maar daarom mag 'n mens nog nie g an generaliseer nie, en uit die oog verloor die baie talryker bepalinge van ander aard. Ook moet 'n mens die meeste let op die Gereformeerde Kerke, wat hulself die mees selfstandig ontwikkel het: die kerk van Geneve, die kerke van Frankryk, Nederland, Skotland en geleidelik ook die Engelse kerk.

Die roeping van die Kerkraade, se Rieker, is na gereformeerde beginsels, hoofsaaklik die instandhouding van die kerklike disipliene.

Tog kan dit nie ontken word nie, se ky, dat van die begin af aan die Kerkraad die Kerkregering toegeskien is, maar hierdie werkzaamheid was dan tog van besondere aard.

Die roeping van die Kerkraad het hoofsaaklik in die kerklike tug gele.

Die tug het seer seker op die voorgrond gestaan, maar tog was die Kerkregering geen saak van minder belang nie, mits by regering nie gedink word aan regering in weraalde sin, heerskappy, maar aan regering deur middel van diens, omdat die gehale doel is om Christus te dien.

Uit hierdie oogpunt is Kerkregering baie nou verwant aan disipline. Uitoefening van die disipline eis Kerkregering, en die regering bedoel weer, eweas die disipline, om die Kerk in gesig orde en welstand te hou.

Kerkregering en disipline is dus korrelate begrippe.

dit is vir die Duitse altyd moeilik om "regering in gereform. sin op te vat, omdat hulle altyd dink aan overheidswerkzaamhede.

Vervolgens wys Rieker aan, hoe, by die toepassing van die presbiteriale stelsel op Duitse kerke, die stuk van die tug op die agtergrond geraak het, en die regering op die voorgrond gekom het, en dan dikwals beperk is tot stoflike dinge,

die finansiële administrasie van die kerk. Ook buitekant Duitsland het b
bepaalde vrye kerke in Skotland, Engeland, Amerika en Suid-Afrika, die
administrasie van die kerklike oed re dikwyls onder die kerkeraad
gebring, sodat die Kerkeraad self die administrasie uitvoer. Rieker
se tereg, dat op hierdie manier 'n mens in Duitsland nog wel die skyn van
'n Kerkeraad, maar feitlik iets anders het.

**Die Presbyterian Alliance wil alle kerke verenig, wat
'n kerkeraad het.**

Dan bespreek Rieker die sinodes, om die groot ver-,
skil aan te toon tu van die Gereformeerde en die moderne opvatting.

Ook handel hy oor die saamstelling van die sinodes.

In Duitse lands had 'n mens vroeër wel eens sinodes van enkel
predikanter, of ook wel van enkel leke, iets, wat b.v. vandag nog te
Zürich en Bern die geval is. 'n Mens kan afvaardig wie hy wil.

Die Gereformeerde beginsels sis, dat daar predikanbe en ouder-
linge sal wees. In Duitsland is daar in die 18de eeu reeds sover alge-
wyk, dat toegelaat is, nie alleen afgevaardigdes van kleine kerklike
vergaderinge nie, maar ook afgevaardigdes van die landsoewerheid, en voorts
ook toegelaat is by die kerklike vergadering gewone afgevaardigde ge-
meentelede. Dit kon 'n enkel maal in geval van nood wel eens voorkom,
dat 'n oud-ouderling afgevaardig was, maar die real is dat die afgevaardig-
des predikante en ouderlinge moet wees.

Rieker bring dit in verband hiermee, dat die sinodes vergaderinge
is, nie van persone nie maar van kerke.

Dan staan hiermee in verband, dat by die moderne sinodes 'n strwe
is, om die afvaardiging te laat geskied konform die aantal van diogene,
wat afvaardig due eweredige verteenwoordiging.

Dit is geheel vreemd aan die ou-Gereformeerde opvatting. In die
meerdere vergaderinge is Kerke te sien, en dit doet aan die saak niks af
of toe nie, of 'n Kerk groot of klein is. Alle kerke het gelyke reg.
Daarom kan wel die een kerk meer invloed he as die ander, iets wat afhang
van die omstandigheid, wat God sal in die lewe roep, maar die een
kerk kan nie meer reg he as die ander nie in die Kerkverband.

Die Gereformeerdes is alleen hiervan afgewyk, insover op die
klasikalke vergadering alle predikante stem en sitting het. Dit was
eintlik nie goed gereformeer nie.

Op die grotere vergaderinge is dit dan ook nie toegepas nie.

Die Regnosisie.

Na ou-Gereformeerde opvatting was die
meerdere vergaderinge samekomste van Kerke tot regeling van dinge, wat
alle kerke saam betref het, of van wat een kerk alleen nie kon afdoen nie.

Hulle had ook persies dieselfde mag as die Kerkrade.

In die sinodes kon geen mag aanvaag sees nie, wat nie in die kerkrade
is nie. Sulke sinodes het nie gepa nie in die territoriale stelsel,
en eintlik ook nie in die kollegiale stelsel nie.

Die territoriale het 'n kerklike bestuur in die landsoewerheid,
en onder die landsoewerheid die superintendenten. Daarnaas kon geen ander
bestuur meer bestaan nie.

Dit is wel enigsins geval, maar nie principieel deurgedink nie,
sodat daar geaskik en geplooi is.

Allengs is die mense toe tot die gedagte gekom, dat die klas en
en sinodes ongeveer dieselfde is as 'n volkverteenvoudiging, met
betrrekking tot die regering.

Die uitdrukking: "Vertreter der Kirche gegenüber der Kirchlichen
Behörden", kom dikwyls voor.

So kan 'n mens wel spreek van sinodes, maar dit is heel wat anders,
en inplaas daarvan, dat hulle die goede orde bevorder, sti, hulle van
heelsat verwarring.

Sinodes wat iets beteken, kan 'n mens pas op Gereformeerde terrain
he. 'n Uitweg is wel beproef, deur die Konstituies en die Superintendente
tot 'n soort sinodale kommissies te maak, maar dan had hulle oek hulle
mandaat van die sinode moes ontvang, en dit is nie gebeur nie.

'n Herinnering aan sulke pogings om die Gereformeerde stelsel op
Duitsland toe te pas, leer ons, om die gereformeerde stelsel beter te
begryp en te waardeer.

Allig onder invloed van Duitse boeke en van die praktyk, kon hulle daartoe kom, om ongerefommeerde bepalings te maak, wat wel een vir 'n oomblik gehelp het, maar wat op die duur tog moesilikheid gee, omdat 'n mens nie verskillende stelsels byeen kan voeg nie.

S E S E N D E R O O P A T U X .

Staat en Kerk.

Terey bestry Rieker, dat dit die onderskeid is, dat by die Luterse die nouste verbinding staat tussen Staat en Kerk beginsel is, en by die Gereformeerdes die skeiding tussen Kerk en Staat.

By Kalvyn en die Gereformeerdes word ewegoed gespreek van die Staat as volstrek nie godsdiensteloos nie.

Die Gereformeerdes laat die Staat volstrek nie neutraal teenoor die Kerk en die godsdienst staan nie.

Maar by die Gereformeerde Kerk het dit 'n ander betekenis as by die Luterse Kerk. Dit volg uit die Gereformeerde Leakkbegrip.

By die Luterse is die Kerk 'n instigting, wat in die Staat aanwezig is, en enigsaam deel van die staat uitmaak, en wel, die geestelike deel. Die Kerk "ist das Gemeinwesen von Seiner geistlichen Seite".

Van Luterse standpunt kan daarom die Kerk geen selfstandige bestand naas die Staat he nie. Daar is daar ook geen kerklike instigering van kerklike oorsprong nie.

By die Gereformeerdes het die Kerk 'n eie selfstandige lewensgebied. Die betekenis van die Staat vir die Religie bedoel die Gereformeerdes anders as die Luterse. Die ei naardige van die Gereformeerde bekouing word, so Rieker, gewoonlik so uitgedruk, dat die Gereformeerdes voorstanders is van die "teokrasie", maar nie soos in die Middeleeue nie, toe Rome daarmee bedoel het, dat die Staat aan die Kerk onderworpe is, maar so, dat die Staatgebied sal wees aan die Woord van God, en by die uitlegging van die Woord die voorligting van die Kerk noodig het.

Rieker siteer EUGENE CHOISI: La Theocratie en Geneve en temps de Calvin, die beste boekie, wat daaroor bestaan, en siteer, dat CHOISI die toestand van Geneve nie teokrasie, ook nie hierargie wil noem nie, maar wel een van "Biblickrasie".

Teokrasie is dan ook onjuis, want dit beteken, dat God in die Staat dieselfde doen, wat elders die Koning doen.

So was dit alleen by Israël gewees.

Word daarmee bedoel 'n oorheersende mag van die Kerk, dan is dit, "hierargie". En word dit gebruik om aan te dui, dat die Overheid homself aan die mag van Gods Woord onderwerp, dan is dit "Biblickrasie".

Maar dit se nog nie alles nie. Die Overheid moet ook lê op Gods ordinaries in Natuur en Geskiedenis.

Die onderwerping van die Overheid aan Gods ordinaries was, wat deur Kalvyn bedoel is. En omdat die ordinaries uit Gods Woord moet afgelei word, moet die Kerk die Overheid daarin van voorligting dien.

Maar daarom is die Overheid daar nie per se aan gebind nie.

Dat die Overheid dit in Geneve in die laaste tyd gedoen het, het gekom deur die morale oorwig van Kalvyn.

Die Overheid het sig gevoeg, nie na die predikante nie, maar na Gods Woord.

Altyd is die motiewe by die adviese gegee.

By die hierargie was dit: "Roma locuta est".

Hierdie beginsels het weer saam gehang met daardie ander beginsel dat Gods Woord en ordinaries moet heers op elke gebied van die lewe.

Daar is g on lewensfeer, wat daaraan mag onttrek word nie.

Dit is by die Luterse ande s.

Hierdie Gereformeerde Opvatting hang saam met die Gereformeerde grondbeginsel, van Gods souvereiniteit as uitgangspunt en Sy eer as einddoel.

So word die staat en kerk onderstekeie.

In Gereform. kringe is dit dan ook altyd aangeneem, dat die overheid geen reg het op absolute gehoorsaamheid nie. Die voorbehoed is altyd; gehoorsaamheid aan die overheid, behoudens dat God altyd in ieder geval sy eer moet he.

Daarop rus dan ook die reg van weerstand.

By die Lutherse heers dan ook altyd meer lydelikheid. Hulle is baie meer "legitimisties". Ook as die overheid die onderdane wil belet om God te dien, dan leer Luther en die Episkopale, dat 'n mens dit moet draag.

Van die Gereform. het John Knox die verste gegaan, wat aan Maria Stuart geantwoord het; dit geskied met dieselfde reg, waarmee kinders aan 'n krankosnige vader gehoorsaamheid mag wêier.

Eweso by Andrew Melville, die opvolger van Knox, wat in '96 aan koning Jacobus gese het, dat daar in Skotland twee koninge was, een van die staat, die ander van die kerk, n.l. Christus. In van die Kerk is koning Jacobus gewoon lid.

Geen wonder dat die Gereform. nooit staatkundige inneming in kerklike sake toegelaat het nie., behalwe deur noodgedwonge, soos die konsessie, dat 'n paar overheidspersone by kerkradevergaderinge mag assisteer, om approbasie van die kerkorde te verkry.

Dat Kalvyn in Geneve aan die overheid met betrekking tot die kerk baie invloed toegeken het, word walsens hierteen aangevoer. Kalvyn het sig daarby neergeloof, omdat die overheid by dit alles sig aan die Woord van God onderwerp het.

En om tog goed die selfstandigheid van die kerk te laat uitkom, het hy op die hoofpunt, n.l. x tug, nooit toegegee nie.

Hoe word die verhouding nou as die overheid wêier, om sig aan Gods Woord te onderwerp, verbintenisse skand, of persoonlike regte skand.

As kerk en Staat mekaar dek, dan gaan die samewerking maklik genoeg. Maar as daar allerlei groepe kom, dan word dit anders.

Van die begin af aan moes die Gereform. Kerke al daaraan dink daar die overheid talkens die Reformatie tegestaan het.

Ricker se, dat na die Gereform. beginsels, dan doe eintlike ideaal nie verwesenlik kan word nie, en dat 'n ander subsider ideaal daarvoor in die plek kom, sodat dan volledige skeiding tussen Kerk en Staat noodsaaklik is.

Ook vir die Lutherse kerke kan hierdie geval sig voordeel, se hy. Maar alleen in die geval, dat die prediking van Gods Woord bepaalde-lik belet word, doen die Lutherse dit.

Die Gereform. neem, dat dit nie die enigste geval is nie, maar skeiding tussen Kerk en Staat is ook nodig, as die overheid die Koninkryk van Christus te na kom, self in die Kerk wil gebied, of ook wel allerlei dinge invoer, watstry teen die Woord Gods.

Ricker wys in die eerste plek op die voorbeeld van Amerika, waar Gereform. en Puriteine die staatwese ingerig het, en die Kerk onafhanklik van die Staat gemaak het,. Spoedig het hulle ook in die Westministerse Konfessie wat hulle aangeneem het, 'n wyassing aangebring oor die verhouding tussen Kerk en Staat. Die overheid mag nie die Bediening van Woord en Sakramente besorg nie, en mag oek geen tug oefen nie, of in sake van Geloof, sy mag gebruik nie,.

In die tweede plek wys hy op die Vrye Kerke in Europa, wat veral in die 19de eeu ontstaan het, in besonder op die twee Vrye Kerke, waarvan die konstituering die meeste bekend is, n.l. die Vrye Kerk van Waadtland en die van Skotland.

Juis ty hirdie twee het die staat geen verhindering in die weg gele nie van Bediening van Woord en Sakramente, maar sou aan die kerk

ordinaries gee, en so die Kerk as instrument van staatsdiens gebruik.

In Waadtland is die Vrye Kerk ontstaan, daurdat in 1845, 'n Conseil, D'Etat van die Kanton bepaal het, dat predikante buite die wetlike vasegestalte dienste geen godsdienstige samekomste mag hou nie.

Die predikante kon sig daarvan nie onderwerp nie, die kerklike vergaderinge het hulle gelyk gegees, en het vasegestel, dat die predikante nie gebonde was aan staatsbepalinge t.o.v. die godsdienst nie.

Ten slotte het in 1846 'n groot aantal predikante die staatskerk verlaat, en 'n vrye kerk gestig..

Eers is hulle vervolg, en later is hulle vrygelaat.

Gese is dat die Kerk nie meer kerk van Christus was nie, maar van die overheid.

Daardie uitstreding het veral gegaan onder leiding van Alexander Vinet.

Dit draag ongelukkig 'n al te rewolusionere karakter. Vinet het die vryheid van die Kerk voorgestaan, eintlik op rewolusionere motiewe. Die Kerk het eintlik 'n partikuliere vereniging in die Staat geword.

Vandaar dat die Vrye Kerk van Waadtland nie voortsetting was van die Kerke van die Reformatie nie.

Daarom het die Kerk 'n nuwe konfessie gemaak, 'n nuwe kerkerde, wat ook baie minder uitgebreid en duidelik is.

In Skotland was die motief van die ontstaan van die Vrye Kerk, die Patronaat.

Reeds voordurend het dit moeilikheid gegees.

Vanaf 1680 - 1712 was dit afgeskaf, maar toe weer ingevoer. In die 19de eeu het daar konflik gekom.

Die wet was nie heel duidelik nie, of 'n deur die collator beroemde predikant aan die gemeente kon opgaarding word teen die ein van die gemeente.

Sommige het gemeen dat dit kon nie. Die Kerke het vry algemeen hierdie standpunt ingeneem.

In 1834 het daar konflik gekom oor 'n predikant, wat die gemeente nie wou he nie. Die ander gemeentes het daardie gemeente in die gelyk gestel, maar die regbank het ten gunste van die patroon beslis. Die Kerke het gese, dat so'n predikant wel in die pastorie kon woon, maar geen predikant kon wees nie. Hulle wou daarom 'n predikant naas hom stel. In 1845 in Edinburg het die invloedrykste manne die General Assembly verlaatverlaat, en het elders gaan vergader, om die Kerk opnuut te konstitueer. Tog het ook hulle nie konsekwent die ou Kerk voortgeset nie, maar het hulle hulself gekonstitueer as genootskap.

In beide gevalle vind Rieker, wat die Gereform. as subsidier ideaal het. Hy verwys ook na uitinge van Independente in Puriteine uit die laaste deel van die 16de en die begin van die 17de eeu, (Brown, e.a.).

Daardie uitlatings is agter heel anders. Hulle se dat die overheid wel deeglik gerepte is, om na Gods Woord te regeer.

Oor die geheal stel Rieker subsidiere ideaal veel te veel voor in die selfde woorde van die Radikalisme. Hy wys daarop, dat die Gereform. beskouing van die 19de eeu geheel ooreen kom met die ongelowige. Maar hierdie voorstelling is onwaar.

Daar is nie sulk 'n absolute tegestelling tussen die subsidiere ideaal en die eintlike ideaal nie. Daardie skeiding, soos Rieker die voorstel, is nie Gereform. nie. Rieker vergeet:

- a) dat die probleem in die eeu van die Reformatie gestaan het, toe daar nog maar net met een Geïnstituutte Kerk rekening moet gehou word. (met die Rooms is nie gereken nie). Dit het later anders geword.
- b) Rieker onderskei nie tussen die Kerk as Instituut, en die Kerk as organisme. Hy se dat die Luters nie wil weet nie 'n "religionele Gemeinwesen". Maar dit wil die Gereformeerdes ook nie. 'n Nuwe band tussen die Overheid en die Kerk as Organisme wil die Gereformeerdes wel.

- (c) Rieker onderskei nie tussen "gemene gracie" en particuliere genade". Tussen hierdie twee moet onderskei word, hoewel hulle nie van mekaar kan geskei word nie. Heu 'n mens dit in die oog dan is daar nie so'n absolute teenstelling nie. Dan het 'n mens toepassing van ou beginsels op veranderende toestande, en dan word onderskeidinge gemaak, wat die mens vroer nog nie so suidelik gemaak het nie.

Gereformeerde beginsel is, dat alles moet vermy word, wat dwang in geestelike sake sou beteken.

Maar dit beteken nie dat die Owerheid dan b.v. nie die eerste Tafel van die Wet sal handhaaf nie.

In die algemeen sien ons dat Reikers bedoeling was om die Gereformeerde beginsels uit tid ebrane self duidelik in die lig te stel.

In baie opsigte het dit goed geslaag, maar somtyds het hy ook die Gereformeerde beginsels nie goed deursine nie, en deurdat hy alles wat in die 18de eeu uit die Gereformeerde Kerke opgekomm het, vir Guwifix Gereformeerd gehou het, het hy op 'n dwarspoor geraak.

